(Kindly inform if you would like to receive the invitation in English)

Die Direksies van die Erfenisstigting en die Voortrekkermonument en Natuurreservaat het genoeë om u en u eggenote of metgesel van harte uit te nooi na 'n jaarlikse herdenkingsdiens by die SA Weermag Muur van Herinnering vir afgestorwe lede van die SA Weermag, om 09h00 vir 09h40 op Sondag, 3 Junie 2012

en

om 'n krans te lê of 'n kruis te plant ter herinnering aan al die lede van die Weermag wat hul lewens in diens van die land gegee het gedurende die honderd jaar van die bestaan van die Weermag in Suid-Afrika (1912 – 2912)

U word ook vriendelik uitgenooi om 'n sappie te geniet saam met die ander genooide gaste na afloop van die plegtigheid.

TYDSREËLINGS

Gaste word vriendelik versoek om hul sitplekke in te neem teen nie later nie as 09h40, asb.

ROETE EN PLEK VAN AANKOMS

Roetekaart beskikbaar by www.voortrekkermon.org.za. Beweeg op aankoms antikloksgewys om die Voortrekkermonument tot by die hoof parkeergebied, asb.

DRAG
Ampsdrag
Militêre deelnemers: Drag 1.A
Militêre toeskouers: Drag 1.B
Bugerlikes en militêre veterane : Dagpak of Assosiasiedrag, met ordes, dekorasies en medaljes.
Dames: Hoede opsioneel

RSVP
Ten einde die sitplek- en kransleggingsreëlings só akkuraat as moontlik te kan hanteer, word u vriendelik versoek om die aangehegte RSVP-vorm te voltooi en terug te stuur aan thea@erfenisstigting.org.za of 086 615 9587 (faks) teen nie later nie as 15 Mei 2012

NAVRAE
Mev Thea Furstenburg by 012 326 6770 (tel), 086 615 9587 (faks) of thea@erfenisstigting.org.za

MEDE-AANBIEDERS

Die geleentheid word aangebied in samewerking met die besture van 'n aantal Militêre Veterane-organisasies, wie se besonderhede in die program weergegee sal word.